



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SIVIELE TEGNOLOGIE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2019

Hierdie riglyne bestaan uit 26 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

AFDELING 1	3
1. INLEIDING	3
AFDELING 2	3
2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER	3
2.1 Die struktuur van die PAT vir Siviele Tegnologie	3
2.2 Bestuur van die PAT	3
2.3 Administrasie van die PAT	4
2.4 Assessering en moderering van die PAT	4
2.5 Assessering	4
2.6 Moderering	4
AFDELING 3	5
3. RIGLYNE VIR DIE LEERDER	5
3.1 Konstruksietake	5
3.1.1 Instruksies aan leerder	5
3.1.2 Fase 1: Steenwerk	6
3.1.3 Fase 2: Blombak	7
3.1.4 Assesseringsriglyne	8
3.1.5 Saamgestelde puntetaat	10
3.2 Siviele Dienste take	11
3.2.1 Instruksies aan leerder	11
3.2.2 Fase 1: Installeer 'n rioleringsstelsel	12
3.2.3 Fase 2: Tregter	14
3.2.4 Assesseringsriglyne	15
3.2.5 Saamgestelde puntetaat	17
3.3 Houtbewerking take	18
3.3.1 Instruksies aan leerder	18
3.3.2 Fase 1: Suid-Afrikaanse dakkap	19
3.3.3 Fase 2: Koffie tafel	21
3.3.4 Assesseringsriglyne	22
3.3.5 Saamgestelde puntetaat	23
AFDELING 4	24
4. ANDER RELEVANTE INLIGTING	24
4.1 Afwesig/Nie-inlewering van taak	24
4.2 Vereistes van aanbieding	24
4.3 Aanbevole tydraamwerk vir die voltooiing van die PAT	24
4.4 Verklaring van egtheid	25
AFDELING 5	26
5. GEVOLGTREKING	26

AFDELING 1

1. INLEIDING

Die 17 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoevoegingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

AFDELING 2

2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER (Hierdie riglyne moet deeglik aan die leerders verduidelik word.)

2.1 Die struktuur van die PAT vir Siviele Tegnologie

Die PAT is ontwerp om die vaardighede wat die leerder bemeester het, te toon. Die PAT word by intervale geassesseer en vereis dat die leerder aan veelvoudige praktiese sessies deelneem. Gedurende die weeklikse sessies word vaardighede soos simulaties, eksperimente, handvaardighede, gereedskapsvaardigheid, masjinerievaardigheid en werkswinkelpraktiek geïmplementeer en bemeester totdat die leerder die take wat uiteengesit is vir die spesifieke kwartaal kan doen. Die PAT dra 25% tot die leerder se promosiepunt by.

2.2 Bestuur van die PAT

Die PAT moet in kwartaal 1 begin word aangesien dit 'n lang en uitgerekte proses is wat **NIE** tot op die laaste oomblik gelaat kan word **NIE**. Die model moet oor DRIE kwartale gedoen word wat in kwartaal 1 begin en fase 1 moet saam met die model in kwartaal 1 gedoen word. Fase 1 moet teen die einde van kwartaal 1 voltooi, nagesien en intern gemodereer wees. Fase 2 moet teen **30 Augustus 2019** voltooi, nagesien en intern gemodereer wees.

- (a) Al die komponente van die PAT moet vir assessering teen die einde van **Augustus 2019** voltooi wees vir genoeg tyd vir die eksterne moderering.
- (b) Gedurende hierdie fase sal die onderwyser enige finale uitstaande assessering doen. Al die fases van die PAT moet veilig bewaar word totdat die modereringsproses voltooi is (beide provinsiale en nasionale moderering).
- (c) **Die interne moderator/departementshoof moet PAT-moderering reg deur die jaar doen.**
- (d) Dit is belangrik dat daar van die begin af aan alle kriteria voldoen word, omdat dit die basis vir assessering sal vorm.
- (e) Onderwysers mag nie leerders op punte penaliseer wat nie by die aanvanklike kriteria ingesluit was nie.
- (f) Wanneer leerders tydens moderering (sigmoderering) gekies word, kan daar van hulle verwag word om hulle vaardighede en kennis ten toon te stel.

Alle onderwysers moet 'n pasaanduider ontwerp wat die voltooiingsdatums van die verskillende fases van die PAT aandui. Die onderwyser moet hierdie proses bestuur om krisisbestuur en onnodige spanning nader aan die sperdatum vir die voltooiing van die PAT te voorkom.

Die inleweringsdatums vir die verskillende fases van die PAT, soos in die pasaanduider aangedui, moet skriftelik aan leerders verskaf word.

2.3 Administrasie van die PAT

Die PAT moet op situasies in die werklike lewe gebaseer word en onder gekontroleerde omstandighede voltooi word.

Nadat onderwysers die riglyne bestudeer het, moet hulle die vereistes van die verskillende fases van die PAT en die kriteria, soos in die assesseringsinstrumente en punteskedules aangedui, aan leerders verduidelik. Dit sal verseker dat leerders en onderwysers 'n gemeenskaplike begrip het van die assesseringsinstrumente asook wat van leerders verwag word.

Onderwysers word versoek om afskrifte van **AFDELING 3 TOT AFDELING 5 (van die relevante spesialisingsveld)** van hierdie dokument te maak en dit **saam met die assesseringskriteria van die PAT** nie later as **die eerste week van Februarie** nie aan die leerders gee.

Die produk/model mag nie uit die klaskamer/werkswinkel verwyder word nie en moet ten alle tye op 'n veilige plek gebêre word wanneer leerders nie daaraan werk nie.

2.4 Assessering en moderering van die PAT

Die PAT vir Graad 12 word ekstern opgestel en gemodereer, maar intern deur die onderwyser geassesseer en deur die interne moderator/departementshoof gemodereer.

2.5 Assessering

Deurlopende ontwikkelingsterugvoering is nodig om die leerder te lei en ondersteun om te verseker dat hy/sy op die regte spoor is.

Beide formele en informele assessering moet tydens die verskillende fases van die PAT uitgevoer te word. Informele assessering kan deur die leerder self, deur 'n portuurgroep, of deur die onderwyser gedoen word. Formele assessering moet altyd deur die onderwyser gedoen word en die resultate moet aangeteken word.

Die onderwyser moet die assesseringsvereistes van al die fases van die PAT in ag neem en moet daarom die assesseringsprogram van die PAT dienooreenkomstig beplan.

2.6 Moderering

Alle fases van die PAT moet gedurende die moderering van die PAT aan die interne moderator en eksterne moderator beskikbaar gestel word.

Waar vereis, moet die moderator die leerder kan vra om die funksie en werksbeginsels te verduidelik en hom/haar ook versoek om die vaardighede wat hy/sy tydens die praktiese sessies opgedoen het, vir modereringsdoeleindes te demonstreer.

AFDELING 3**3 RIGLYNE VIR DIE LEERDER****3.1 Take vir Konstruksie**

Die praktiese assesseringstaak (PAT) bestaan uit TWEE Fases wat in DRIE kwartale voltooi moet word.

Die PAT moet oor DRIE kwartale gedoen word. Begin in kwartaal 1 met fase 1 en fase 2.

TYDSKEDULE VIR DIE VOLTOOIING VAN DIE PAT:

Daar word aanbeveel dat leerders en onderwysers hierdie tydskedule gebruik om die PAT in die toegekende tyd te voltooi.

KWARTAAL:	WERK WAT GEDOEN MOET WORD:
Kwartaal 1	Fase 1 en 2
Kwartaal 2	Fase 2
Kwartaal 3	Fase 2

Leerder se naam: _____

Tyd Toegelaat: 1^{ste} tot 3^{de} kwartaal

3.1.1 Instruksies aan die leerder

- Hierdie praktiese assesseringstaak tel 25% van jou finale promosiepunt.
- Alle werk wat jy lewer, moet jou eie werk wees.
- Gebruik jou oordeel waar afmetings en/of inligting ontbreek.
- Jy kan elektroniese toerusting gebruik, waar beskikbaar, bv. selfone, kameras en digitale kameras om jou vordering te dokumenteer.
- **Die produk/model mag nie uit die klaskamer/werkswinkel verwyder word nie en moet altyd op 'n veilige plek gebêre word wanneer jy nie daaraan werk nie.**

3.1.2 **Fase 1: Steenwerk**
Kwartaal: 1
Tydsduur van fase 1: 2 ure per leerder
Punte toekenning: 20 punte

Taak: Droogpak van stene vir 'n spoumuur net bokant vloervlak met 'n 50 mm-opening, 5 steenlae hoog. Die 1^{ste} steenlaag moet 7 stene lank wees. Een ent moet 'n blinde ent ('dead-end') toon en die ander ent tru-messelwerk.

Instruksies

- Meet en merk die buitelyne van die muur op die vloer uit deur die toepaslike gereedskap te gebruik.
- Droogpak die stene om die spoumuur te vorm. I
- Plaas die VWL in die muur om te toon hoe die water deur die syfergate sal uitloop.
- Plaas DRIE muurbinte in waar benodig
- Leerders moet die binne- en buitewand van die muur toon.
- Vorm syfergate en verduidelik die doel daarvan.

NASIENRIGLYNE VIR FASE 1: DROOGPAK VAN STENE

LEERDER SE NAAM: _____

NR.	ASSESSERINGSKRITERIA	GOED/ UITSTEKEND	GEMMIDELD	SWAK/GEEN POGING NIE	LEERDER LP PUNT
		4-5	2-3	0-1	
1.1	Meet en merk die buitelyne van die muur op die werkwinkel se vloer met die korrekte gebruik van die toepaslike gereedskap				
1.2	Droogpak van stene vir buitenste kors/wand korrek gedoen				
1.3	Syfergate korrek in buitenste wand getoon				
1.4	Droogpak van bakstene vir die binneste wand korrek gedoen				
1.5	Muurbinte korrek geplaas				
1.6	VWL korrek en netjies op die regte plek geplaas				
1.7	Mure is loodreg (toets met bouerswinkelhaak)				
1.8	Mure is reguit en parallel met mekaar met 'n 50 mm- opening.				
TOTALE PUNT UIT 40:					
VERWERKTE PUNT UIT 20:					

Daar word aanbeveel dat video-opnames en foto's van die leerder geneem word terwyl hy/sy die taak verrig en dat dit elektronies by die skool en op 'n laserskyf gebêre word.

3.1.3 **Fase 2: Blombak**
Kwartaal: 1, 2 en 3
Tydsduur: 20 uur

Taak:

Daar word van jou verwag om:

- Navorsing te doen en die proses te ondersoek om 'n reghoekige betonblombak wat vir 'n mediumgrootte struik gebruik kan word, te ontwerp en te maak
- Sketse te teken om te toon hoe jy by die finale ontwerp van die blombak uitgekome het. Toon die finale afmetings op jou tekening.
- 'n Materiaallys/Snylys saam te stel van die materiaal wat jy sal benodig om die betonblombak te maak.
- 'n Betonblombak met die nodige bekisting volgens die spesifikasies hieronder te maak

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Gebruik skroewe om die verskillende onderdele van die bekisting aanmekaar te heg, sodat die bekisting maklik uitmekaar gehaal kan word.
- Maak voorsiening om die binneste bekisting van die binnekant af uitmekaar te kan haal sodat dit maklik verwyder kan word.
- Plaas maasbewapening in om in die middel van die onderkant en sye van die bekisting te pas en gebruik 'n toepaslike metode om behoorlike minimum betondekking te verseker.
- Gebruik vormolie aan die binnekant van die bekisting om te verseker dat die beton nie vassit nie.
- Die leerders het die opsie om bymiddels by die betonmengsel vir estetiese doeleindes te voeg.
- Tref voorsorg dat oortollige water deur die bodem van die blombak kan dreineer.
- Maak voorsiening vir handvatsels aan twee kante van die blombak of 'n gebruik ander metode sodat die blombak gedra kan word.
- Dit is belangrik dat die blombak genoeg binnevolumen sal hê sodat 'n mediumgrootte struik daarin geplant kan word.
- Leerders moet innoverend en kreatief oor die grootte en vorm wees en ook deur patrone in die beton aan die buitekant van die blombak aanbring.

3.1.4 Nasienriglyne vir blombak

NASIENRIGLYNE VIR DIE ASSESSERING VAN DIE BETONBLOMBAK				
LEERDER VAN: _____		NAAM: _____		
ASSESSERINGSKRITERIA	GOED/ UITSTEKEND	GEMIDDELD	SWAK/GEEN POGING NIE	LEERDER PUNT
BEPLANNING	8-10	4-7	0-3	LP
Bewyse van navorsing, ondersoek en tekeninge om die ontwerp en afmetings van die betonblombak te toon				
Materiaallys/snylys van materiaal benodig				
TOTAAL: 20				
UITMERK EN SAAG VAN BEKISTINGONDERDELE	8-10	4-7	0-3	LP
Uitmerk en saag van bekisting vir sykante en bodem van die binneste kas.				
Uitmerk en saag van bekisting vir sykante en bodem van buitenste kas.				
TOTAAL: 20				
INMEKAARSIT VAN BEKISTING	4-5	2-3	0-1	LP
Uitmerk en boor van gate vir skroewe om bekisting inmekaar te sit				
Heg van onderdele vir binneste bekisting				
Heg van onderdele vir buitenste bekisting				
Toets vir haaksheid				
TOTAAL: 20				
WAPENING	4-5	2-3	0-1	LP
Plaas van wapening				
Korrekte gebruik van spasieerders				
TOTAAL: 10				
BETON	4-5	2-3	0-1	LP
Korrekte mengverhoudings en mengprosedures				
Plasing, kompaktering en nabehandeling van beton				
TOTAAL: 10				

ASSESERINGSRIGLYNE	GOED/ UITSTEKEND	GEMIDDELD	SWAK/GEEN POGING NIE	LEERDER PUNT
UITMEKAARHAAL VAN BEKISTING	4-5	2-3	0-1	LP
Uitmekaarhaal van bekisting sonder om beton beskadig				
TOTAAL: 5				
AFWERKING VAN PRODUK	4-5	2-3	0-1	LP
Afwerking van eksterne oppervlak van die beton				
TOTAAL: 5				
FINALE PRODUK	4-5	2-3	0-1	LP
Die blombak het gate vir dreinerings, handvatsels, is sonder krake en is 'n geskikte grootte				
Netheid en voorkoms van finale produk				
TOTAAL: 10				
INNOVASIE EN KREATIWITEIT	4-5	2-3	0-1	LP
Die leerder het die oorspronklike ontwerp aangepas en eienskappe bygevoeg om die voorkoms en funksionaliteit van die blombak te verbeter				
TOTAAL: 5				
ALGEMENE ASPEKTE	4-5	2-3	0-1	LP
Veilige en korrekte gebruik van gereedskap				
Goeie werkswinkelpraktyke				
Nakoming van sperdatums				
TOTAAL: 15				
GROOTTOTAAL:				120
KANDIDAAT SE VERWERKTE TOTAAL UIT 80:				80

3.1.5 Saamgestelde puntetaal vir Konstruksie-PAT

NR.	NAAM VAN LEERDER	FASE 1 (F1)				FASE 2 (F2)										TOTAAL							
		FASE 1	GEMODEREERDE PUNT	TOTAAL FASE 1	BEPLANNING	UITMERK EN SAAG VAN BEKISTINGONDERDELE	INMEKAARSIT VAN BEKISTING	WAPENING	BETON	UITMEKAARHAAL VAN BEKISTING	AFWERKING VAN PRODUK	FINALE PRODUK	INNOVASIE EN KREATIWITEIT	ALGEMENE ASPEKTE	TOTAAL FASE 2	GEMODEREERDE PUNT	VERWERKTE TOTAAL F2	GEMODEREERDE PUNT	GROOTTOTAAL F1 + F2	GEMODEREERDE PUNT			
		20	20	20	20	20	25	10	10	5	5	5	5	15	120	120	80		100	100			
1																							
2																							
3																							
4																							
5																							
6																							
7																							
8																							
9																							
10																							
		TOTAAL								TOTAAL													

Handtekening van (Onderwyser)

Datum

SKOOLSTEMPEL

Handtekening van (Moderator)

Datum

3.2 Take vir Siviele Dienste

Die praktiese assesseringstaak (PAT) bestaan uit TWEE fases wat oor DRIE kwartale voltooi moet word.

Die PAT moet in drie kwartale gedoen word wat in kwartaal 1 begin met fase 1 en fase 2.

TYDSKEDULE VIR DIE VOLTOOING VAN DIE PAT:

Dit word aanbeveel dat leerders en onderwysers van die tydskedule gebruik maak om sodoende die PAT betyds te voltooi.

KWARTAAL:	WERK WAT GEDOEN MOET WORD:
Kwartaal 1	Fase 1 en 2
Kwartaal 2	Fase 2
Kwartaal 3	Fase 2

Leerder se naam: _____

Tyd Toegelaat: 1^{ste} tot 3^{de} kwartaal


3.2.1 Instruksies aan die leerder

- Hierdie praktiese assesseringstaak tel 25% van jou finale promosiepunt.
- Alle werk wat jy lewer, moet jou eie werk wees.
- Gebruik jou oordeel waar afmetings en/of inligting ontbreek.
- Jy kan elektroniese toerusting gebruik, waar beskikbaar, bv. selfone, kameras en digitale kameras om jou vordering te dokumenteer.
- **Die produk/model mag nie uit die klaskamer/werkswinkel verwyder word nie en moet altyd op 'n veilige plek gebêre word wanneer jy nie daaraan werk nie.**

3.2.2 Fase 1 Kwartaal 1: Rioleringsstelsel
Kwartaal: 1
Tydsduur van fase 1: 2 ure per leerder
Puntetoekenning: 20 punte

Taak: Installeer 'n ondergrondse rioolstelsel

Die lyndiagram hieronder toon die hoek van 'n gebou en die uitleg van 'n rioolstelsel.



LET WEL:

- Die onderwyser moet die pype volgens lengte sny en al die rubberseëls van die verbindings verwyder sodat dit maklik is om te pas en die pype en aansluitings weer gebruik kan word.
- Indien die skool nie 'n put vir die dreineringsstelsel het nie, gebruik 'n hoek in die werkwinkel vir hierdie doel.

Instruksies:

- Bereken die vertikale afstand wat die rioolpyp sal daal vanaf steekoog 1 na steekoog 2 sowel as die vertikale afstand wat die riool sal daal vanaf steekoog 2 tot by die rioolaansluiting. Toon bewyse van die berekeninge vir assessering en moderering
- Bepaal die senterlyne en spasiëring van die verskillende dele van die riooluitleg en gebruik 'n krytlyn en winkelhaak om die uitleg van die pype en toebehore op die vloer en teen die muur uit te merk.
- Plaas die verskillende pypasstukke en pype op hul korrekte posisies langs die senterlyne, soos in die diagram aangedui.
- Heg alle pype en pypasstukke aanmekaar volgens die uitlegtekening.
- Die rioolputkop met rooster, rioolputsperder, vuillugpyp en steekoë moet ondersteun word sodat dit regop staan soos in 'n ware rioolstelsel

NASIENRIGLYNE VIR FASE 1: INSTALLEER VAN 'N ONDERGRONDSE RIOLERINGSTELSEL					
LEERDER SE NAAM: _____					
NR.	ASSESSERINGSKRITERIA	GOED/ UITSTEKEND	GEMMIDELD	SWAK/GEEN POGING nie	LEERDER PUNT
		4-5	2-3	0-1	LP
1.1	Bepaal die senterlyne en spasiëring van die verskillende dele van die riooluitleg en gebruik 'n krytlyn om dit op die vloer uit te merk.				
1.2	Bereken die vertikale daling van pype vanaf SO 1 na SO 2 en vanaf SO 2 na die rioolaansluiting.				
1.3	Plaas die verskillende pyppasstukke en pype op die korrekte posisies langs die senterlyne, soos in die diagram aangedui.				
Heg al die pype en verbindings volgens die uitlegtekening. Alle opening en verbindings moet opwaarts front.					
1.4	Verbinding van steekoë				
1.5	Verbinding van vuillugpyp				
1.6	Verbinding van universele rioolkop met rooster				
1.7	Verbinding van rioolputsperder				
1.8	Pypsamestelling (met verbindings en buigstukke) korrek geplaas en in lyn gebring				
TOTALE PUNT UIT 40:					
VERWERKTE TOTAAL UIT 20:					

Daar word aanbeveel dat video-opnames en foto's van die leerder geneem word terwyl hy/sy die taak verrig en dat dit elektronies by die skool en op 'n laserskyf gebêre word.

3.2.3 **Fase 2: Tregter**
Kwartaal: 1, 2 en 3
Tydsduur: 20 ure

Taak:

Daar word van jou verwag om:

- Navorsing te doen en ondersoek in te stel na die proses wat gebruik word om 'n tregter met 'n knik aan die onderkant van die tuit te maak en om so 'n tregter te ontwerp.
- Vryhandsketse te teken om te toon hoe jy by die finale ontwerp van die tregter uitgekome het. Toon die finale afmetings op jou tekening.
- 'n Materiaalys/Snylys saam te stel vir die materiaal wat jy sal benodig om die tregter te maak.
- 'n Tregter met 'n knik in die tuit te maak volgens die spesifikasies hieronder.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Die tregter moet bestaan uit twee koniese afgeknotte keëls, een vir die boonste deel van die tregter, een vir deel een van die tuit en 'n silinder vir die knik van die tuit.
- Ontwikkelings van die verskillende dele van die tregter met some/nate moet volgens skaal 1 : 1 geteken word sodat dit gebruik kan word om template te maak.
- Maak die template en gebruik dit om die vorms op die plaatmetaal uit te merk.
- Heg die dele aanmekaar deur dit te soldeer.
- Alle soldeerlasse moet skoon gemaak word.
- Wend 'n afwerkingsmiddel op die finale produk aan.
- Gebruik plaatmetaal om die tregter te maak.

LET WEL: Alle tekeninge en template moet vir moderering beskikbaar wees.

3.2.4 Nasienriglyne vir die assessering van die tregter

NASIENRIGLYNE VIR DIE ASSESSERING VAN DIE TREGTER				
LEERDER SE VAN: _____		NAAM: _____		
ASSESSERINGS KRITERIA	GOED/ UITSTEKEND	GEMIDDELD	GEEN POGING/ SWAK	LEERDER LP PUNT
BEPLANNING	4-5	2-3	0-1	LP
Bewyse van navorsing, ondersoek en tekeninge met afmetings van die tregter.				
Voorbereiding van materiaalys/snylys vir die materiaal benodig.				
TOTAAL: 10				
TEKEN VAN ONTWIKKELINGS	8-10	4-7	0-3	LP
Teken van die ontwikkeling van die boonste deel van die tregter				
Teken van die ontwikkeling van die tuit van die tregter				
Teken van die ontwikkeling van die knik van die tuit van die tregter				
TOTAAL: 30				
MAAK VAN TEMPLATE EN UITMERK VAN PLAATMETAAL	4-5	2-3	0-1	LP
Maak van template vir alle dele van tregter				
Uitmerk van vorms op plaatmetaal met gebruik van template				
TOTAAL: 10				
UITSNY VAN VORMS OP PLAATMETAAL	4-5	2-3	0-1	LP
Uitsny van boonste deel van tregter (korrekte gebruik van blikskêr en akkuraatheid)				
Uitsny van tuit met knik (korrekte gebruik van blikskêr en akkuraatheid)				
TOTAAL: 10				
VERVAARDIGING/BUIG/VORMING	4-5	2-3	0-1	LP
Korrekte gebruik van plaatbuigmasjien/alternatiewe metode om oorlas en some te buig.				
Korrekte gebruik van rollermasjien/alternatiewe metode om koniese dele van die tregter te vorm.				
TOTAAL: 10				

ASSESSERINGSKRITERIA	GOED/ UITSTEKEND	GEMIDDELD	GEEN POGING/ SWAK NIE	LEERDER LP PUNT
SAMEVOEGING/HEGTING	4-5	2-3	0-1	LP
Oorlas/soomoorlas van boonste deel (mond) en tuit van tregter				
Korrekte soldeertegniek				
Akkuraatheid van belyning en plasing van verskillende dele van tregter tydens samevoeging.				
TOTAAL: 15				
AFWERKING	4-5	2-3	0-1	LP
Skoonmaak van soldeerlasse, skuur en afvee van finale model				
TOTAAL: 5				
FINALE PRODUK	4-5	2-3	0-1	LP
Netheid en voorkoms van finale produk				
Funksionaliteit van finale produk (toets vir lekkasies)				
TOTAAL: 10				
INNOVASIE EN KREATIWITEIT	4-5	2-3	0-1	LP
Die leerder het eienskappe bygevoeg om die voorkoms en funksionaliteit van die tregter te verbeter				
TOTAAL: 5				
ALGEMENE ASPEKTE	4-5	2-3	0-1	LP
Veilige en korrekte gebruik van gereedskap				
Goeie werkwinkel praktyke				
Nakom van sperdatums				
TOTAAL: 15				
GROOTTOTAAL:				120
LEERDER SE VERWERKTE TOTAAL UIT 80				80

3.2.5 Saamgestelde puntetaal vir Siviele Dienste

NR	NAAM VAN LEERDER	FASE 1			FASE 2 (MODEL)												TOTAAL		
		FASE 1	GEMODEREERDE PUNT	TOTAAL: 20	BEPANNING	TEKEN VAN ONTWIKKELINGS	VERVAARDIGING VAN VOORBEELDE	UITSNY VAN VORMS	VERVAARDIGING/B UIG/VORMING	HEGTIGING	AFWERKING	FINALE PRODUK	INNOVASIE EN KREATIWITEIT	ALGEMENE ASPEKTE	TOTAAL : 100	GEMODEREERDE PUNT	VERWERKTE TOTAAL:	GRROTTOTAAL: 100 (F1 + f2)	GEMODEREERDE PUNTE
		20	20	20	10	30	10	10	10	15	5	10	5	15	120	120	80	100	100
1																			
2																			
3																			
4																			
5																			
6																			
7																			
8																			
9																			
10																			
	TOTAAL														TOTAAL				

Handtekening van (Onderwyser)

Datum

SKOOLSTEMPEL

Handtekening van (Moderator)

Datum

3.3 Take vir Houtbewerking

Die praktiese assesseringstaak (PAT) bestaan uit TWEE fases wat oor DRIE kwartale voltooi moet word.

Die PAT moet in DRIE kwartale gedoen word wat in kwartaal 1 begin met fase 1 en fase 2.

TYDSKEDULE VIR DIE VOLTOOING VAN DIE PAT:

Dit word aanbeveel dat leerders en onderwysers van die tydskedule gebruik maak om sodoende die PAT betyds te voltooi.

KWARTAAL:	WERK WAT GEDOEN MOET WORD:
Kwartaal 1	Fase 1 en 2
Kwartaal 2	Fase 2
Kwartaal 3	Fase 2

Leerder se naam: _____

Tyd Toegelaat: 1^{ste} tot 3^{de} kwartaal

3.2.1 Instruksies aan die leerder

- Hierdie praktiese assesseringstaak tel 25% van jou finale promosiepunt.
- Alle werk wat jy lewer, moet jou eie werk wees.
- Gebruik jou oordeel waar afmetings en/of inligting ontbreek.
- Jy kan elektroniese toerusting gebruik, waar beskikbaar, bv. selfone, kameras en digitale kameras om jou vordering te dokumenteer.
- **Die produk/model mag nie uit die klaskamer/werkswinkel verwyder word nie en moet altyd op 'n veilige plek gebêre word wanneer jy nie daaraan werk nie.**

- 3.3.2 **Fase 1: Nokkonstruksie van 'n hoofstyldakkap wat een daklat op elke kapbeen toon**
Kwartaal: 1
Tydsduur van fase 1: 6 ure
Puntetoekenning: 20 punte

Taak: Maak die nokkonstruksie van 'n hoofstyldakkap wat een daklat op elke kapbeen toon

Instruksies:

- Teken, volgens skaal 1 : 1, 'n gedeelte van die konstruksiedetail om die nokgedeelte van 'n hoofstyldakkap wat een daklat op elke kapbeen toon.
- Meet en saag die onderdele volgens die korrekte lengtes en vorm volgens jou tekening.
- Sit die onderskeie onderdele aanmekaar vas.
- Benoem al die onderdele.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Helling van die dak is 30°.
- Die kapbene/daksparre en hoofstyl moet ongeveer 300 mm lank wees.
- 114 x 38 mm-hout is vir die dele van die kap gebruik.
- Die onderdele word met spykerplate geheg.
- 38 x 38 mm-hout is vir die daklatte gebruik.
- Gebruik 'n toepaslike metode om die daklatte aan die kapbene te heg.

NASIENRIGLYNE VIR FASE 1: NOKKONSTRUKSIE					
LEERDER SE NAAM: _____					
NR.	ASSESSERINGSKRITERIA	GOED/ UITSTEKEND	GEMIDDELD	SWAK/ GEEN POGING	LEERDER PUNT (LP)
		8-10	4-7	0-3	
1.1	Tekening van die detail om die nok				
1.2	Afmerk en saag van verskillende onderdele volgens korrekte lengtes en vorms				
1.3	Heg onderdele met spykerplate om die nok te vorm				
1.4	Saag en heg van daklatte				
1.5	Byskrifte				
TOTALE PUNT UIT 50:					
VERWERKTE TOTAAL UIT 20:					

Daar word aanbeveel dat video-opnames en foto's van die leerder geneem word terwyl hy/sy die taak verrig en dat dit elektronies by die skool en op 'n laserskyf gebêre word.

3.3.3 **Fase 2: Koffietafel**
Kwartaal: 1, 2 en 3
Tydsduur: 20 ure

TAAK:

Daar word van jou verwag om:

- Navorsing te doen en ondersoek in te stel na die proses wat gebruik word om 'n tafel wat vir 'n spesifieke doel in 'n huis gebruik kan word, te ontwerp.
- Sketse te teken om die detail te toon van die tafel wat jy gaan maak.
- Die finale afmetings op jou tekening te toon.
- 'n Materiaallys/Snylys saam te stel vir die materiaal wat jy sal benodig om die tafel te maak.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Die tafel moet ten minste een laai hê.
- Die raam moet met geskikte tap-en-gatvoeë gemaak word.
- Swaelstertvoeë kan ook as deel van die raam gebruik word om vir 'n laai te voorsien.
- Sponning/halfinlaatvoeë kan gebruik word om die voor- en sykante van die laai aan mekaar te heg. Enige ander geskikte konstruksie sal aanvaarbaar wees.
- Enige sagte of hardhout kan vir die model gebruik word .
- Leerders kan hulle innoverendheid en kreatiwiteit gebruik om die pote, relings en tafelblad van die model te vorm of om enige ander verbetering aan die tafel aan te bring.

3.3.4 Nasienriglyne vir koffietafel

NASIENRIGLYNE VIR DIE ASSESSERING VAN DIE TAFEL				
LEERDER SE VAN: _____		NAAM: _____		
ASSESSERINGSKRITERIA	GOED/ UITSTEKEND	GEMIDDELD	SWAK/GEEN POGING NIE	LEERDER PUNT
BEPLANNING	8–10	4–7	0–3	LM
Bewyse van navorsing, ondersoek en tekeninge van die tafel				
Vorbereiding van die saaglys om die nodige materiaal aan te dui.				
TOTAAL: 20				
TAFELRAAM	4–5	2–3	0–1	LM
Afmerk en saag van pote en relings.				
Afmerk en maak van tappe/penne				
Maak van gate				
Afmerk en maak van opening van laai				
Lym en klamp die raam van die tafel (toets haaksheid)				
TOTAAL: 25				
LAAI	4–5	2–3	0–1	LM
Afmerk en saag van laaionderdele				
Maak van sponning en vryflasse van laai				
Aanmeakaarsit van laai (toets haaksheid)				
Saag en pas van gidse vir laai				
Pas van laai				
TOTAAL: 25				
TAFELBLAD	4–5	2–3	0–1	LM
Afmerk en saag van materiaal vir die blad.				
Lym van tafelblad				
Heg tafelblad aan raam (toets haaksheid)				
TOTAAL: 15				
AFWERKING VAN MODEL	4–5	2–3	0–1	LM
Skuur van tafel en laai				
Aanwending van afwerkingsmiddele				
TOTAAL: 10				
FINALE PRODUK				
Geskik vir doel, netheid en voorkoms van finale produk				
TOTAAL: 5				
INNOVASIE EN KREATIWITEIT	4–5	2–3	0–1	LM
Toon kreatiwiteit deur pote, relings en blad te vorm.				
TOTAAL: 5				
ALGEMENE ASPEKTE	4–5	2–3	0–1	LM
Veilige en korrekte gebruik van gereedskap				
Goeie werkwinkel praktyke				
Nakoming van sperdatums				
TOTAAL: 15				
GROOTTOTAAL: 120				
VERWERKTE TOTAAL UIT : 80				

3.3.5 Saamgestelde puntetaal vir Houtbewerking

NR.	NAME VAN LEERDERS	FASE 1			FASE 2 MODEL								TOTAAL					
		FASE 1	GEMODEREERDE PUNT	TOTAAL	BEPLANNING	TAFELRAAM	LAAI	TAFELBLAD	AFWERKING	FINALE PRODUK	INNOVASIE EN KREATIWITEIT	ALGEMENE ASPEKTE	GROOTTOTAAL	GEMODEREERDE PUNT	VERWERKTE PUNT	GEMODEREERDE PUNT	GROOTTOTAAL: (F1 + F2)	GEMODEREERDE PUNT
		20	20	20	20	25	25	15	10	5	5	15	120	120	80	80	100	100
1																		
2																		
3																		
4																		
5																		
6																		
7																		
8																		
9																		
10																		
	TOTAL																	

Handtekening van (Onderwyser)

Datum

Handtekening van (Moderator)

Datum

SKOOLSTEMPEL

AFDELING 4

4.1 Afwesigheid/Nie-inlewering van taak (Wat is die gevolge?)

Die afwesigheid van 'n praktiese assesseringstaak sal hanteer word in ooreenstemming met die regulasies soos uiteengesit in die *Nasionale Beleid oor Protokol vir Assessering Graad R-12*, bladsy 6, hoofstuk, 3 paragraaf 7 en 8.

Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, hoofstuk 3, paragraaf 8, subartikel (4) verklaar duidelik dat die afwesigheid van 'n punt vir 'n praktiese assesseringstaak daartoe sal lei dat die kandidaat wat vir daardie vak geregistreer is, 'n onvolledige uitslag sal ontvang.

4.2 Vereistes vir aanbieding

Die volgende moet deur die kandidaat vir assessering en moderering aangebied word:

- 'n Volledige ontwerpportefeulje
- Alle skaaltekeninge
- Bewys van die beplanning van die model
- 'n Voltooide model
- Die kandidaat se naam en klas moet duidelik op al die komponente van die PAT aangedui word
- Verklaring van egtheid

Die volgende dokument moet deur die onderwyser vir moderering aangebied word:

- 'n Saamgestelde puntetaal (een saamgestelde puntetaal bestaande uit al die kandidate se name en punte vir alle fases)

4.3 Aanbevole tydraamwerke vir die voltooiing van die PAT

Kwartaal 1:

- Fase 1
- Fase 2 (deel 1)

Kwartaal 2:

- Fase 2 (deel 2)

Kwartaal 3:

- Fase 2 (deel 3)

Die produk/model moet in die werkwinkel vervaardig word onder die onderwyser se toesig.

- Verklaring van egtheid

LET WEL: Die leerders moet aan die begin van kwartaal 1 begin met die model en dit voltooi teen einde Augustus. Die onderwyser moet die beskikbare bronne bestuur en goed beplan sodat alle leerders besig is met een of ander deel van die take deur die jaar.

4.4 Verklaring van Egtheid

NAAM VAN SKOOL: _____

NAAM VAN LEERDER: _____

NAAM VAN ONDERWYSER: _____



Ek verklaar hiermee dat die praktiese assesseringstaak wat ek vir assessering voorlê my eie, oorspronklike werk is en dat dit nog nie voorheen vir moderering voorgelê is nie.

HANDTEKENING VAN LEERDER_____
DATUM (INGEHANDIG)

Sover ek weet, is die verklaring deur die kandidaat hierbo eg en ek aanvaar dat die werk voorgelê sy of haar eie is.

HANDTEKENING VAN ONDERWYSER_____
DATUM (INGEHANDIG)

AFDELING 5**5. GEVOLGTREKKING**

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasie vermoëns te versterk, sowel as verbintenisse tot lewe buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die werklike wêreld aan te spreek. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.